TJOKKIE-brokkies!

Uitgawe: 2/4/2017 **Datum: 19 Okt 2017**

Uit die kantoor:

GSF koor
Die kooroptrede by juf Jana se hoewe was ‘n lekker affêre. Dankie aan juf Jana en haar man wat alles so eksie-perfeksie gereël het. Dankie aan die ouers wat dit bygewoon het en die koortjie wat ons vermaak het.

Messeskou (3/4 November)
Die mesgilde van SA hou jaarliks hulle uitstalling in ons skoolsaal. Een van die bestuurslede is ‘n vorige beheerliggaamslid en ouer van Tjokkies, vandaar die verbintenis.

Pragtige handgemaakte messe word uitgestal en verkoop. Dis werklik versamelaarsitems. Indien jy belangstel om te kom kyk en koop, die pryse is uiters billik.

Wat vanjaar nog meer interessant maak, is dat ek en ‘n ander skoolhoof geleer gaan word hoe om ‘n mes te maak, wat ons dan kan hou. As julle wil kom kyk hoe krom en skeef my mes is, maak gerus ‘n draai. Hulle loots ook ‘n kompetisie waar ‘n mes gewen kan word.

BELANGRIKE DATUMS:

19 Okt: Gr 5-7 leerlinge se Bingo-aand. Dit begin om 18:00 en behoort teen 21:30 klaar te wees.

Sterkte aan Zanelle J v Rensburg en Arno Griesel wat aan Willem Postma se redenaars deelneem.

20 Okt: Die skool sluit om 13:00 vir alle leerlinge agv die damespersoneel se spanbou. Daar sal egter toesig wees tot 13:30 vir ouers wat nie hulle kinders vroeër kan afhaal nie.

21 Okt: Pom-poms tree om 10h00 op by die Trekkerfees, Speserylaan, Kwaggafontein.

23 Okt: 0/9 Krieketliga (Sien ligabepalings)

Swem begin. Die kinders moet maar bietjie vasbyt as die water nog koud is.

24 OKt: 0/11 Krieketliga

Voortrekkerprysuitdeling om 18:00 in die skoolsaal. Brief met volledige inligting is uitgedeel.

26 Okt 0/13 Krieketliga

GELUKWENSE

23 Okt: Juf Elsabé (hoof vd kleuterskool) verjaar

26 Okt: Juf Zilke (Gr 7) verjaar

René Greyling, assistent by die kleuterskool, het ‘n baba-seuntjie ryker geword.

P.D uitslae 2017
Baie geluk aan elke Gr. 7 Voortrekker! Julle is ons trots!

Leroi Brewis - Goud
Valken Goosen - Silwer
Dirk Hugo - Goud
Pieter Hugo - Silwer
Cloete Jansen van Vuuren - Goud
Yvé Kriel - Goud
Rueben Müller - Silwer
Lize Potgieter - Silwer
Zenobia Slabbert - Goud
Salomé Theunissen - Silwer
Jannie Truter - Goud
Roedine van der Merwe - Goud
Viola van der Westhuizen - Goud
Wilmien van Rensburg – Goud

KUNS (Herhaal)

Die kwartaal se kunsklasse by juf Elsabé is op 10, 24 en 31 Oktober. Die kunsafsluiting is op 14 November tussen 13:30 en 14:15 vir al die kunsleerders.

Geen klasse op 17 Oktober en 7 November nie, agv ‘n vakbondvergadering vir onderwysers en die Kleuterskool se kleed-repetisie.

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com

KAALVOETKAFEE

Kaalvoetkafee gaan die kwartaal die volgende eetgoed verskaf. Bestel tydens kortpouse vir langpouse:

Maandae
Vars broodrolletjie met koue vleis en slaai (R15)

Dinsdae
Driehoekbroodjies op ‘n stokkie (R15)

Woensdae
Hoenderburger (R20)

Donderdae
Visvingers en chips (R12)
Vienna en chips (R12)
Chips (R10)

Vrydae
Wraps (R25)

Wanneer beskikbaar sal daar waatlemoenskywe (R5) en vrugteslaai met roomys (R15) te koop wees.

Onthou ook ons hotdogs (R12), geroosterde broodjies (R10 – R15) en vleispasteie (R16).

MUSIEK

‘n Paar van ons Tjokkieleerders skryf hierdie week UNISA se musiekteorie-eksamens.
Baie sterkte!

NB: Daar sal op Vrydag, 20 Oktober, net musieklesse wees tot die 5e periode. Daarna vertrek die damespersoneel op ‘n spanbounaweek.

GRONDSLAGFASE KOOR

Die GSF koor se tweede koor-cd is beskikbaar by die kantoor. Daar is nog ‘n paar oor en is ‘n lekker Kersgeskenk. Cd’s kos R100.

KLEREBANK

Neem asb kennis dat die klerebank nie oop sal wees op Vrydag 20 Oktober nie, maar eers weer op Maandag 23 Oktober.

SNUFFELS

Oprigting van devil’s fork heining en afdakke asook verwydering van bourommel en vullis met 5 ton trok.
Kotak Martin Meyer by:
082 783 5842

Gereformeerde Kerk Bloemfontein Suid hou die jaar Kontreifees! 28 Oktober 2vm - 9nm. Bring die kinders, groot speelarea met baie aktiwiteite. Terwyl die kinders lekker onder toesig speel, kan die ouers die stalletjies besoek en heerlike eetgoedjies geniet. Ons hoop om julle daar te sien, op hierdie fees mag `n mens nie utmis nie! Adres: h/v Walter Sisulu en Lilacweg, regoor Hoërskool Jim Fouchè. Kontak Analie by 083 666 3798

Gesoek: Oefenfiets om te leen vir die kwartaal.
Kontak meneer Jannie:
082 823 0843

Washday Blues Laundry

Oop 7:30 - 17H30
Donald Murray 93
Was + Droog + Stryk = R15/kg
Was + Droog = R13/kg
Dubbel Duvet = R80
Enkel Duvet = R70

Kontak Suaan by:
082 335 6947

AKADEMIE - EKSAMENROOSTER

Neem asseblief kennis dat die Graad 7 leerders verpligte departementele vraestelle op die aangewese datums en tydgleuwe skryf. Die gr. 4-6 rooster is dienooreenkomstig aangepas om logistieke probleme te voorkom. Praktiese evaluasies in Kuns, asook `n PSW assessering (gr. 4-6), vind plaas soos aangedui. Leerders sal deeglik ingelig word oor die bepaalde kriteria deur hul onderskeie onderwysers. By Tale is Vraestel 1 – begripstoets, taalwerk en literatuur. Vraestel 2 is - kreatiewe skryfwerk (opstel, brief ens.)

Weens die feit dat die graad 7 leerders eers die 8ste November van hul afskeidstoer terugkeer, blok hul op 9 November 2017. Hul hoef dus nie skool toe te kom nie. Voorbereiding vir EBW moet op hierdie dag gedoen word.

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com

Eksamenrooster November 2017

10 NOVEMBER 2017 – 24 NOVEMBER 2017
09H00 TOT 11H00

DATUM	GRAAD 4	GRAAD 5	GRAAD 6	GRAAD 7
10 NOV VRYDAG				EBW DEPT VRAESTEL 09:00 - 11:00
13 NOV MAANDAG				WISKUNDE DEPT VRAESTEL 09:00 - 11:00
14 NOV DINSDAG	AFR VRAESTEL 1	AFR VRAESTEL 1	AFR VRAESTEL 1	AFRIKAANS DEPT VRAESTEL 1 09:00 - 11:00
15 NOV WOENSDAG	ENG VRAESTEL 1	ENG VRAESTEL 1	ENG VRAESTEL 1	ENGELS DEPT VRAESTEL 1 09:00 - 11:00
16 NOV DONDERDAG	NWT	NWT	NWT	NATUURWETENSKAP DEPT VRAESTEL 09:00 - 11:00
17 NOV VRYDAG	ENG VRAESTEL 2	ENG VRAESTEL 2	ENG VRAESTEL 2	ENGELS DEPT VRAESTEL 2 09:00 - 11:00 DRAMA PRAKTIESE EVALUASIE 11:30 - 13:00
20 NOV MAANDAG	WISK	WISK	WISK	SW DEPT VRAESTEL 1 GEOGRAFIE 09:00 - 11:00
21 NOV DINSDAG	KUNS PRAKTIES	KUNS PRAKTIES	KUNS PRAKTIES	KUNS PRAKTIESE EVALUASIE 08:00 - 10:00 (A+B) 11:00- 13:00 (C + D)
22 NOV WOENSDAG	AFR VRAESTEL 2	AFR VRAESTEL 2	AFR VRAESTEL 2	AFRIKAANS DEPT VRAESTEL 2 09:00 - 11:00 TEG DEPT VRAESTEL 11:30 - 13:30
23 NOV DONDERDAG	PSW ASSESSERING	PSW ASSESSERING	PSW ASSESSERING	LEWENSORIëNTERING DEPT VRAESTEL 09:00 - 11:00 KUNS DEPT VRAESTEL 11:30 - 13:00
24 NOV VRYDAG	SW	SW	SW	SW DEPT VRAESTEL 2 GESKIEDENIS 09:00 - 11:00

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com